# Cachet-biljet

CACHET
GEREFORMEERDE KERK

*21 Mei 2023*



**www.gkcachet.org.za**

| **Afrikaanse Eredienste** | **English Worship Service** |
| --- | --- |
| Sondae om 09:00 en 18:00<br>In die Gemeentesentrum (GS) op<br>NWU Kampus, Hoffmanstraat 28 | Sundays at 11:00<br>In the Church House on the<br>NWU Campus, 28 Hoffman Street |
| **Kerkkantoor**<br>Dinsdae en Vrydae 08:30-12:00<br>Lulu Coetsee – 018 294 4894;<br>079 4949 7360 | **Predikante**<br>Ds. Brahm Robinson – 064 656 1374;<br>brahmrobinson@gmail.com<br>Ds. Noah Kim – 082 593 6428;<br>solaprochristo@hotmail.com |

## Kontakpersone & Inligting

**Hulppredikante:**
Prof. ("Net Oom") Henk Stoker – 082 327 8921
Prof. ("Net Albert") Albert Coetsee – 084 577 1777

**Susters:**
Lida Robinson – 076 263 4983
robinsonlida@gmail.com

**Diakonie (vir koskas, nood en skenkings):**
Schalk Buys – 063 679 7071
cachetdiakonie@gmail.com
ABSA Tjekrekening: 0670280012

**Koster en PowerPoints:**
Schalk Buys – 063 679 7071
schalkbuys7@gmail.com

**Jubila-voorsitter:**
Minette van Vuuren – 084 580 4002
minie.vanvuuren@gmail.com

**Vervoer na eredienste en kerkaksies:**
Pieter Deysel –
079 695 0027

**Stuur enige inligting vir die *Cachetbiljet* na:**
Minette van Vuuren – 084 580 4002
minie.vanvuuren@gmail.com

**Preekopnames:**
http://gkcachet.org.za/preke/

**Bankbesonderhede:**
Gereformeerde Kerk Cachet
Takkode: 632005
ABSA-tjekrekening
Rekeningnommer: 06 7034 0023
Verwysing: wyk, voorletters en van

**Psalms begeleiding deur Tilla Labuschagne:**
https://npwepener.wixsite.com/website

# Oggenddiens

## Ds. Brahm Robinson

**Skriflesing: Psalm 130**

**Tema: God vergewe en verhoog dié wat Hom dien**

# Aanddiens

## Ds. Brahm Robinson

**Skriflesing: Hebreërs 2:1-18**

**Tema: Die Here neem ons grootste vrees weg en gee ons hoop!**




## ***Lief en Leed:***



- † **Ons is tans nie bewus van enige lief en leed nie.**



## **Liefdegawes:**

**Elektroniese betalings van kollektes en bydraes:**

| Vir die werk van die diakonie: | |
|---|---|
| Snapscan vir die eerste kollekte:<br>SnapScan<br>PXMP46287<br>Snap here to pay<br>https://pos.snapscan.io/qr/PXMP46287 | **Oggend 1ste kollekte:**<br>Diens van Barmhartigheid<br><br>EFT vir kollektes:<br>GK Cachet diakonie<br>ABSA Tjekrekening<br>0670280012<br>Takkode: 632005<br>Verwysing:<br>• Diens van Barmhartigheid<br>(deponeer elke kollekte apart) |
| **Vir die werk van die diakonie:** | |
| Snapscan vir tweede kollekte:<br>SnapScan<br>PVA181324<br>Snap here to pay<br>https://pos.snapscan.io/qr/PVA181324 | **Aand 2de kollekte:**<br>Emeritaatsfonds<br><br>EFT vir kollektes:<br>GK Cachet diakonie<br>ABSA Tjekrekening<br>0670280012<br>Takkode: 632005<br>Verwysing:<br>• Emeritaatsfonds<br>(deponeer elke kollekte apart) |

| **Maandelikse bydraes vir onderhouding van die Woordbediening:** | |
|---|---|
| Snapscan vir maandelikse bydraes:<br>https://pos.snapscan.io/qr/5kcTaV-I | ABSA Tjekrekening<br>0670340023<br>Takkode: 335138<br>Verwysing: Naam, van en wyk |

# VERJAARSDAE:

Mag die Here wonderbare

lewensjare ... bly bewys. ~ Psalm 61:4

**19 Mei Alison Khourie**

**21 Mei Joubert van der Walt**

**24 Mei Colin Boshoff**

**25 Mei Daniël Erasmus**

**25 Mei Carmen Schoeman**

**21 Mei Lukas Coetsee**

**23 Mei Henri Kock**

**24 Mei Minette van Vuuren**

**25 Mei Ems Jooste**



# Administratief

## 1. Attestaat ontvang



- Xander Coetzee van *NG Quellerina*

**Attestate vertrek**

- Anelda Pretorius na *GK Heilbron*
- Elmari Borcherds na *GK Brackenhof*
- Zelmari van Jaarsveld na *GK Bultfontein*



## 2. Jeugkamp

Cachet bied DV van 23-28 Junie 'n jeugkamp aan by GK Uitschot. Ons benodig 10 groepleiers en 4 kosspanlede. Kontak vir ds. Brahm as jy belangstel, asseblief.



## 3. Nagmaal

Ons vier nagmaal DV volgende Sondag, 28 Mei, tydens die Engelse erediens en die Afrikaanse aanddiens.




Karaoke en Cocktails aand

GK CACHET

# BIED AAN OPEDAG

## 27 MEI, 2023

Koffie →

Pannekoek →

Ontbyt →

Warm sjokolade →

28 Hoffman straat, Potchefstroom
Op die NWU kampus
Van vroeg tot laat kom eet en kuier saam met ons!



NWU KAMPUS OPEDAG



IS JY BEREID OM TE KOM HELP BY

# DIE OPEDAG BY CACHET

27 Mei 2023 | Saterdag

28 Hoffman straat, Potchefstroom
GK Cachet

Vir navrae kontak
Minette (084 580 4002)

## GEREFORMEERDE KERK CACHET

# BASAAR

**Augustus 19, Saturdag**

**Totius museum**
**Molen straat 108, Potchefstroom**



**As jy wil kom help of 'n stalletjie hê kontak Minette (084 580 4002)**

bybelgenootskap van suid-afrika
bible society of south africa
maatskappy sonder winsoogmerk
non-profit company
maatskappy registrasieno / company registration no 2008/007505/08

goeie nuus vir almal vir altyd
good news for all for ever

5 Mei 2023

Liewe Medewerker

**90-JAAR VAN DIE BYBEL IN AFRIKAANS**

Ons vier vanjaar die 90ste herdenking van die Bybel in Afrikaans.

Dit is met groot dankbaarheid en opgewondenheid wat die Bybelgenootskap van Suid-Afrika u uitnooi om hierdie besondere genadegawe saam met ons te vier.

Die eerste Afrikaanse Bybel is in 1933 gepubliseer.

*"Op 29 Mei 1933 seil die Carnavon Castle die Tafelbaai binne met die eerste besending van 10 000 eksemplare van die Afrikaanse Bybel aan boord. Hierdie eerste volledige Afrikaanse Bybel is op Sondag 27 Augustus 1933 landswyd feestelik in gebruik geneem."* - Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Genade in Oorvloed, 1994.

Sedertdien het daar nog drie vertalings van die Bybel in Afrikaans – die 1983, die Bybel vir dowes/Bybel vir Almal en die 2020-vertaling – die lig gesien. Hierdie Bybels is ook in verskillende formate soos druk, braille, oudio en digitaal beskikaar.

Die verskyning van die Bybel in Afrikaans het grootliks tot die ontwikkeling van Afrikaans as taal bygedra, maar nog meer belangrik, tot die geloofsvorming van baie Afrikaanssprekendes.

Ek wil u nooi om, saam met die Bybelgenootskap, hierdie spesiale geleentheid te vier hoe en wanneer ookal dit op u kerkkalender kan inpas.

Een wyse waarop ons hierdie geleentheid gaan vier, is om die jongste Afrikaanse Bybel, die 2020-vertaling in die medium swart hardeband weergawe, teen die spesiale prys van R79 (normaalweg R159) aan te bied.

Die Bybelgenootskap sal verder ook hulpmiddels soos preeksketse, liturgiese riglyne en inligtingsmateriaal beskikbaar maak vir gebruik tydens dankfeeste en byeenkomste op die dag maar ook in aanloop tot die herdenkingsdatum.

Voorts, is daar natuurlik ruimte vir kerke en organisasies om deur die loop van die jaar 'n verskeidenheid fondsinsamelingsprojekte te loods ter viering van die Bybel in Afrikaans. Fondse wat so vir die Bybelgenootskap gegenereer word, sal help verseker dat toekomstige geslagte steeds die Bybel in Afrikaans kan geniet.

Namens die Bybelgenootskap van Suid-Afrika wil ek u van harte bedank vir u volgehoue voorbidding, ondersteuning en bydraes oor die jare heen.

Ons dank gaan aan elke kerk, kultuurorganisasie, skool, besigheid en individu wat getrou, oor baie jare, dit moontlik gemaak het dat ons naas al die ander tale van ons land steeds die Bybel in Afrikaans beskikbaar kan stel.

Ons groet met twee Afrikaanse woorde wat deur die vertalers van die 1933-vertaling van die Bybel in Afrikaans geskep is. Mag u die goedertierenheid van die Here beleef en welgeluksalig wees!

Bybelgenootskap-groete

RP van Wyk

**RODNEY P VAN WYK**
**UITVOERENDE HOOF**

**MICHAEL P ROODT**
**HOOF: MISSIONALE VERHOUDINGS**

posbus 5500
tygervallei 7536 suid-afrika
hoofkantoor
edwardstraat 134 bellville

biblia@biblesociety.co.za
t +27 (0)21 910 8777
f +27 (0)21 910 8799
www.bybelgenootskap.co.za
www.biblesociety.co.za

p o box 5500
tyger valley 7536 south africa
head office
134 edward street bellville

# Feeste in die Bybel




In die Ou Testament lees ons oor die feeste wat die volk Israel onderhou het. Maar hierdie feeste kom nie van die volk se kant af nie – dit kom van die Here af. God noem dit self die "feestye van die HERE" (Levitikus 23:4). Hy gee ook spesifieke reëls van hoe die feesdae gehou moes word. Dié feeste was godsdienstige byeenkomste wat die Here gebruik het om sy verhouding met sy volk te versterk.

Omdat ons – anders as Israel – die Ou én Nuwe Testament het om te lees, kan ons sien hoe die feeste na Jesus se koms wys. Vir ons is dit baie makliker om God se plan met sy volk raak te sien. In hierdie maand se Kruispad e-tydskrif kyk ons na die sewe groot feeste, en spesifiek hoe dit vandag op ons van toepassing is.

Ons lewe met die versekering dat Jesus gekom het as die Messias en Hy die wet vervul het. Dis nie vir ons nodig om feeste en rituele te hê om nader aan God te kom nie, want ons het

Jesus as Middelaar. Maar ons moet nooit vergeet hoekom ons 'n Middelaar het én nodig het nie. Dit is waar die feeste ons kan herinner aan God se werk in sy volk lewens – en ook in ons elkeen se lewens.

Tot volgende maand,
Wilna Myburgh (Kruispad-redaksie)




**Die feeste van die Here in die Ou Testament**

Levitikus vertel van die feeste van die Here. Lees in hierdie artikel 'n kort opsomming oor elkeen van die Israeliete se sewe groot feeste.




**Pinkster en God se oes vir sy volk**

Lees hier oor die verband tussen die Pinksterfees in die Ou Testament en die uitstorting van die Heilige Gees in die Nuwe Testament.